# UIT DIE PEN VAN DIE CEO (5/14)

*Justin Chadwick (14 Februarie 2014)*

***GESEGDE VAN DIE WEEK "****Whenever you find yourself on the side of the majority, it is time to pause and reflect." Mark Twain*

## CITRUS BLACK SPOT

In 2014 moet produsente seker maak dat hulle die vereistes in terme van CBS presies navolg; versuiming kan verwoestende nagevolge vir die besigheid hê, insluitend die uitsluiting van die EU-mark:

- As jy 'n boord vir die EU geregistreer het; en vir een of ander rede het jy 'n bekommernis oor die CBS status ONTTREK dan die boord onmiddellik. Versuiming om dit te doen kan 'n boord "hit" beteken en klassifikasie as 'n hoë risiko PUC (en uitsluiting van die EU-mark).
- DAFF is besig met inspeksies om boorde se registrasies te verifieer. DAFF is deeglik in die versekering dat toepaslike behandeling toegedien is. Waar behandeling nie as voldoende beskou is, is die boord nie geregistreer nie. Produsente wat teen die DAFF bevinding wil appelleer kan alle inligting stuur na citrus@daff.gov.za
- Alle boorde op die 2013 swartlys en die "alert list' moet vir "reinstatement" aansoek doen. Kontroleer met DAFF omtrent die boord se status en moet nie net aanvaar dat "reinstatement" suksesvol was nie; DAFF sal slegs die boord weer toelaat as hul 100% seker is dat regstellende aksies geneem is en dat hierdie aksies suksesvol was.
- Alle boorde waarvan vrugte vir die EU ge-oes gaan word MOET voor oes geïnspekteer word. 'n Bespreking-sisteem is deur DAFF en CGA ontwikkel. Vir meer inligting kontak Paul Hardman (ph@cga.co.za).
- Gebruik slegs verpakkings wat vir die EU goedgekeur is.
- Moenie ander plakkers bo-oor oorspronklike plakkers op die kartonne plak nie (vir die EU).
- Maak seker dat vrugte wat vir die EU bestem is, en nie binne 6 dae na pak onder verkoeling is nie, vir addisionele hawe-inspeksie aangebied word.
- Maak seker dat vrugte wat vir die EU bestem is, en wat nie binne 18 dae na die eerste inspeksie verskeep is nie, vir 'n addisionele hawe-inspeksie aangebied word.
- Enige vrugte wat vir die EU bestem is, en nie binne 28 dae na die eerste inspeksie verskeep is nie, sal nie toegelaat word om na die EU uitgevoer te word nie.
- Sitrusvrugte wat na die EU verskeep word moet teen temperature verskeep word soos deur DAFF voorgeskryf en in die RMS gelys is.
- Maak seker dat jou pakhuisbestuurder DAFF se opleiding ondergaan het.
- Maak seker dat jou uitvoer-agent en "freight forwarder" DAFF se opleiding ondergaan het.
- Maak seker dat jy bekend is met die "Risk Management System (RMS)" wat gedateer is Januarie 2014. As jy 'n kopie verlang, kontak asseblief justchad@iafrica.com.
- Maak seker dat al jou diensteverskaffers bekend is met die vereistes van die RMS – onkunde is nie 'n aanvaarbare verskoning nie.

## PRODUSENTE ROADSHOWS

Danksy **First National Bank (FNB)** gaan daar hierdie week na die Oos-Kaap se Road shows 'n geleentheid vir produsente wees om met 'n koue drankie en 'n braai/snacks 'n bietjie "te kuier". Dit is dikwels waar die werklike kwessies bespreek word en CGA se personeel sal die geleentheid waardeer om al die produsente beter te leer ken. RSVP asseblief gloria@cga.co.za as jy dit gaan bywoon (vir spysenierings-doeleindes).

**River Bioscience (RB)** sal die drinkgoed en eetgoed in die Noorde borg – as jy gaan bywoon RSVP asseblief gloria@cga.co.za. **HIERDIE WEEK SE ROADSHOWS:**

**PAUL SE GROEP** **Oos-Kaap Midlands** (18 Februarie; 14:00; Boardroom Kat River Citrus Company – gevolg deur 'n braai/drinks), **Sondagsrivier** (19 Februarie; 14:00; Lookout Lodge – gevolg deur snacks/drinks) en **Patensie** (20 Februarie; 14:00; PSB – gevolg deur braai/drinks by Twee Waters Guest House), **JUSTIN SE GROEP** **Limpoporivier** (17 Februarie; 16:00; Klein Baloyi Game Lodge – gevolg deur snacks/drinks), **Zimbabwe** (18 Februarie; 10:00 Paul Bristow se plaas – gevolg deur 'n ligte middagete), **Letsitele** (19 Februarie; 10:00 The Junction (**braai/drinks die vorige aand 18 Februarie by die Junction**), **Hoedspruit** (19 Februarie 15:00; Hengelklub – gevolg deur 'n braai/drinks) en **Senwes** (20 Februarie; 15:00; Raasblaar Game Lodge, gevolg deur snacks/drinks).

**PRODUSENTE VERSEKER 'N KOMPETERENDE EN VOLHOUBARE SUIDER-AFRIKA SITRUSBEDRYF DEUR DIE CGA GROEP (CRI, CITRUS ACADEMY, CGACC, RB EN XSIT) TE BEFONDS EN TE BESTUUR**